

Die Suid- en Oos-Kaap Droom saam!

Ons het verlede week verskeie dorpe in die Suid- en Oos-Kaap besoek om die Droom in sommige dorpe te loods, spanne by te staan, ondersteuning te bied, maar veral om by mekaar te leer.



Die eerste besoek was op **Blanco** waar ons vir 'n vinnige besoek by Pierre aangegaan het. Toe ek my oë uitvee, was daar 'n hele spannetjie bymekaar - almal baie greftig om hul insette te lewer. Niël het met behulp van 'n kaart aan ons verduidelik wat hulle beplan.

Tannie Greta van George het my beïndruk: Sy het op die ripe ouderdom van 92 jaar ook kom deelneem aan die gesprek - om te sien of sy ook iets in George kan doen. Daar is dosyne dorpe langs die kus af met baie pensioenarisse. Hulle kon almal die tannie se kinders gewees het, maar sy het die durf en moed om vir hulle te wys dat daar 'n toekoms is as jy dit self doen en nie net kla nie..... **wat 'n voorbeeld vir ons almal!**

Daarna het ons **Kareedouw** besoek. Hier is Ben aan die stuur. Die dorp het sy eie uitdagings maar die span het hulle probleme baie goed geïdentifiseer. Ons het ook hul HOP-huis uitbreiding gaan besoek om dromers te identifiseer om ook daar 'n verskil te maak. Hier het ons op Chips afgekom wat die mooiste tuin van almal in sy buurt het. En soos die ironie dit wil hê, ook met 'n lidmaat kort soos ons vriend in Tulbagh.... **weereens 'n voorbeeld vir ons almal!**



▲ Kareedouw gereed vir hul uitdagings ek kan nie wag om hul plan te sien nie! Die dorpie het regtig baie potensiaal.

Op **Jeffreysbaai** het Deon ons ontvang. Hy het dadelik laat blyk dat hy nie die leiding wil neem nie, maar dat hy 'n span soek saam met wie hy kan werk. Die aand met die voorlegging was daar die mooi getal van 52 nuwe aspirant dromers uit die gemeenskap. Teen die einde van die aand wou hulle 'n komitee stig. Die probleem is dat iemand verkies word op 'n komitee in teenstelling met die Droom wat funksioneer deur middel van mense wat

spontaan na vore kom. Hulle werk almal saam in 'n groep. Al wat nodig is, is dat 'n koördineerder geïdentifiseer moet word. Dit is presies wat hulle gedoen het en siedaar – die die branders! is aan die rol!



Ernst en sy mede dromers twee dae later besig met hulle loodsprojek voor by die strand. ▾



Ek het die eerste e-pos die volgende oggend 5:30 vanaf die koördineerder gekry! **Ek hoop dit is 'n voorbeeld vir die ander dorpe....** Laat diegene wat wil toe om hul bydrae te lewer. Ernst is nou hul koördineerder. Hulle het reeds binne dae hul eerste projek in samewerking met die munisipaliteit afgehandel. Hulle het ook reeds 'n Jeffreysbaai Facebookblad. Die volgende inskrywing op hul blad is in die kol: **“Indien u nie 'n Dromer wil wees nie, klik op Reply en tik Nagmerrie op die Subject lyn. Ek sal u dan dadelik van die lys verwyder”**


Hy kan nie nader aan die waarheid kom nie! Ons dorpe het ongelukkig nie die keuse om meer anderpad te kyk nie. Of ons dit wil weet of nie, 'n totale vervalde dorp en gemeenskap is 'n *nagmerrie*. Ons het reeds verskeie sulke voorbeelde in ons land! 'n Inwoner moet dus uiters onaangeraak wees oor die toestand van die dorp om die keuse om nie saam te droom nie, te maak, want as 'n dorp eers erg verval het, is die herstelproses baie moeilik indien nie onmoontlik nie. “Dankie, Ernst, dat jy dit so mooi verwoord het.”

Ons laaste besoek was aan **Kirkwood**. Daar het ons gesien hoe hulle met so baie dinge wat teen hulle tel, nog altyd bo wil uitkom. Ook hier het hulle 'n vol saal gehad. Dit is nou die dorp waar die gevangenes gebruik word om die skool te herstel. Hier het ek vir “Prof “ ontmoet. Hy het die skool onder sy vlerk geneem en help die skoolhoof met begrotings en dag-tot-dag sake.



Hier sit ek, Ulrica en Prof Randal Grebef en planne maak terwyl ons uitkyk oor Kirwood





Ons het die volgende dag die Moses Mabida sportterrein besoek. Hier het Masinga ons gewys waar hy en tien van sy makkers 'n verskil wil maak. Hy het die versekering gekry dat, as hulle alles self doen, hulle volle samewerking en ondersteuning van die blanke gemeenskap sal ontvang. Ek vra hom toe waarom lyk dit so sleg? Sy antwoord was dit is nie hulle eiendom nie en dat die munisipaliteit geen onderhoud of verbeteringe doen nie. Nou het hulle die geleentheid om iets vir hulself te doen en die hele gemeenskap se oë is op hulle.

← Masinga Madlebe op sy huidige "grond"sokkerveld.

Nou dat ek terugkyk oor die week se verrigtinge kan ek sê dat die mense wat ons langs die pad ontmoet het vol hoop is - ongeag die omstandighede waarin hulle hulself bevind. Elke inwoner moet asseblief diegene wat leiding neem, bystaan want dit is 'n baie groot taak wat hul hulself opgelê het tot voordeel van elke dorp en elke inwoner.

'n Paar negatiewe stellings wat ons langs die pad opgetel het:

Die stellings is 'n poging om op 'n maklike manier onself uit 'n probleem te probeer wurm. Want deur dit te doen probeer sê ons vir onself dat niks daaraan gedoen kan word nie. **As Dromer moet jy jou oë oopmaak en die teenstellings gaan soek.**

"Ons het nie geld nie, meneer, ons is arm!" *maar die een persoon in hul buurt wat nie 'n huis het nie is die enigste een wat spog met 'n pragtuin!*

"Ons bly in die Oos-Kaap en dis maar hoe dit is!" *hoekom lyk Steytlerville en Williston dan nie so nie, is hulle dan nie ook in die Oos-Kaap nie?*

..... en dat die een kultuurgroepering se gebied slegter is en moeliker saamwerk as 'n ander! *bog! Die Droom is juis 'n instrument van versoening en samewerking!*

" Dit behoort aan die Munisipaliteit- of hulle moet dit doen" julle Munisipaliteit is net 'n instansie wat die dorp moet bestuur. Dus as jy dit nog nie geweet het nie, die dorp behoort eintlik aan die gemeenskap!

Hierdie negatiewiteit gaan niemand nêrens bring nie! Ek is nou al deur baie dorpe - en dit beteken om elke hoekie en draai van die dorpe. Ek kan julle gerus stel: in elke dorp kon ek die stellings se teendeel uitwys. Elke groep het sy tekortkominge. Ek kan jou die plekke gaan wys – MAAR moenie dit as 'n verskoning gebruik nie.

Om af te sluit op 'n positiewe nood..... **Dankie aan jul almal wat toesien dat die Droom nou nie meer 'n Bonnievale Droom is nie, maar waarlik 'n Suid Afrikaanse Droom is.**

Sterkte met julle beplanningsfase, ek stuur binnekort die res van die land se gebeure

Theuns Coetzee

